



Lêerno.: 22/2/10/1/5
Verwysing: 20220407-1323

Kurrikulum- en Asseseringminuut: 0002/2022

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Asseseringskoördineerders, Vakadviseurs, Prinsipale en Opvoeders

Onderwerp: Bygewerkte inligting oor kurrikuluminwerkingstelling vir 2022 en die pad wat voorlê

1. Ons wil graag al ons personeel hartlik bedank en erkenning gee vir hulle moeite en die prestasies wat hulle behaal het rakende die onderrig van ons kinders tot dusver in die pandemie.
2. Die pandemie het baie ernstige uitdagings aan die onderwysstelsel gebied en alle skole, distrikte en Hoofkantoor het so goed as moontlik daarop reageer.
3. Maar weens die rotasie van klasse by die meeste skole, is leerders in alle grade by hierdie skole nadelig benadeel weens die verlies aan persoonlike leer- en assesseringskontak. Omvattende voortgesette samesprekings oor die beste manier vir die pad wat voorlê, het op provinsiale en nasionale vlakke met alle belanghebbendes en rolspelers plaasgevind. Gebaseer op hierdie huidige samesprekings, is die stand van die inwerkingstelling, soos deur die Komitee vir die Raad van Onderwysministers aanvaar, die volgende:
 - 3.1 Vir 2022 sal die hersiene jaarlikse onderrigplanne (JOP's) wat by verdere onderwys en opleiding en algemene onderwys en opleiding se kurrikulumpromosietoere aangebied is, op nasionale vlak in werking gestel word; en
 - 3.2 Wysigings, soos vir 2023/24 verlang, sal tydens 2022 vir voorgestelde inwerkingstelling in 2023 bespreek word. Van hierdie wysings sluit die voorstel in om eksamens in graad 10 en 11 en eksamens in die middel van die jaar vir graad 12 vanaf 2023 en daarna weer in te stel.

- 3.3 'n Driejaar-proses op die langer duur vir kurrikulumversterking sal in 2022 begin met die oog op die bekendstelling van veranderinge vanaf 2025. Die fokus van die versterking sal wees om die ongelykheidsuitdagings in die onderrigstelsel, die impak van die pandemie op leer, en die versnelling van toepaslike onderrig in die konteks van 21^{ste} eeuse realiteite aan te spreek.
4. Alle belanghebbendes word aangemoedig om voorleggings oor bogenoemde prosesse deur die kanale wat daarvoor geskep is, in te dien.
5. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het die grondslagfase aanvaar, saam met gemengde aanlyn onderrig, psigo-sosiale ondersteuning en welstand en die afname in administratiewe werkswaarde as hoofprioriteite in die jare wat voorlê. Die grootste leerverliese is in die grondslagfase ondervind, veral in Wiskunde, Klankleer en Skryf. Na raming sukkel 50% van 10-jariges om met begrip te lees en bykomende hulpbronne is toegeken aan leer- en onderrigondersteuningsmateriaal en opvoederondersteuning in sommige dele van die stelsel waar dit die meeste nodig is.
6. Die WKOD-spanne het aangepaste COVID-19-hulpbronne ontwikkel om opvoeders te lei en ondersteun en hierdie hulpbronne is op die WKOD se e-Portaal beskikbaar. Die vernaamste daarvan word hieronder gelys:
- [Grondslagfase-lesse | WKOD se e-Portaal](#)
 - [Intermediêre-lesse | WKOD se e-Portaal](#)
 - [Senior fase-lesse | WKOD se e-Portaal](#)
 - Hersieningsmateriaal word aan die einde van elke kwartaal beskikbaar gestel om leerders 'n geleentheid te bied om inhoud wat in daardie kwartaal gedek is, te hersien en vaardighede te konsolideer ter voorbereiding van die volgende kwartaal. Dit is ook op WhatsApp-plakkate versprei.
 - Skoolbestuurspanne en onderwysers word aangemoedig om die nodige aandag te gee aan die opstel van gehalte-skoolgebaseerde assesserings- (SGA-) altiwiteite en toetse wat die vereiste kognitiewe vereistes dek, aangesien die SGA 60% tot die finale bevorderingspunt in graad 10 en 11 bydra.
 - Die WKOD se leesstrategie wat in Maart 2020 van stapel gestuur is en in aangepaste vorm vir COVID-19 gedurende die verskillende vlakke voortgeduur het, sal opgekikker word. Die volledige plan en inwerkingstellingsbesonderhede is ook op die WKOD se e-Portaal beskikbaar. Alle rolspelers word aangemoedig om hulle ten doel te stel om 100%-vaardigheid te bereik vir alle leerders sodat hulle met begrip kan lees.
 - Om te help met die verbetering van Wiskunde en leiding daarin te gee, sal 'n versterkte Wiskundestrategie in April vrygestel word.

7. Die terugkeer van alle leerders na voltydse onderrig lewer bewys dat beplanning vir onderrig groter aandag moet gee aan die beheer van groot klasse en 'n groter verskeidenheid leervlakke onder leerders in dieselfde graad, en klem moet op psigo-sosiale welstand gelê word. Rotasieroosters het 'n wisselende impak op leerders gehad, en dit verg onderrig- en leerpraktyke wat noukeuriger en meer gedetailleerd moet wees. Die Beleid oor Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuning is 'n nuttige instrument om leerders se profiele saam te stel. Dit kan opvoeders en ander toepaslike rolspelers help om leerhindernisse via die WKOD se ondersteuningsmiddels te identifiseer en aan te spreek deur middel van intervensies, ondersteuningsmaatreëls en akkommodasies.
8. Die WKOD is besig om 'n ondersteuningspakkie, wat uit hulpbronne, samesprekings, werksessies en professionele ontwikkelingsgeleenthede bestaan vir bogenoemde te ontwikkel.
9. KOLI-minuut 0004/2022 van 24 Maart 2022 gee leiding aan onderwysers wat betref Kwartaal 2 en 3 se professionele leerleenthede (PLG's) wat aangebied word. Om hierdie PLG's wat aangebied word, te besigtig en daarvoor te registreer, word onderwysers versoek om op www.wcedctli.co.za vir verdere inligting aan te teken.
10. Die JOP's en assesseringsprogram maak voorsiening vir die administrasie van beheerde toetse vir die assessering van graad 10 en 11 in die middel van die jaar. Die administrasie van beheerde toetse is verpligtend omdat dit toelaat dat onderrig en leer voortgesit word.
11. Baie belanghebbendes en rolspelers het hulle kommer uitgespreek oor die gebrek aan die aflê van eksamens vir leerders. Dit is 'n welbekende feit dat die gebrek aan die aflê van eksamens 'n nadelige uitwerking het op voldoende leerdervoorbereiding vir eksamens en die prestasie van leerders. Die WKOD se siening is dus dat skole 'n program vir die aflê van eksamens vir graad 10-, 11- en 12-leerders, wat aan die toestande by hulle skole voldoen, moet voorberei.
12. Alle belanghebbendes en rolspelers word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle leerders, onderwysers en ouers, soos van toepassing, te bring.

GETEKEN: H MAHOMED

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2022-04-26